# LEERLINGE IN STANDERD 2 SKRYF (MAAK) GESKIEDENIS

*(Ingestuur deur Laerskool Gustav Preller in Roodepoort)*

Dit is verblydend om te kan weet dat leerlinge nog geïnspireer kan word om skeppend te werk. Hier is twee voorbeelde van selfwerksaamheidstakies wat deur 'n standerd twee-klassie afgehandel is nadat die plaaslike geskiedenis van Roodepoort behandel is. Die leseenheid is met 'n besoek aan die Roodepoortse museum afgesluit. Die leerlinge het as deel van die leerinhoudfunksionalisering onder andere die volgende opdraggie gekry:

**Skryf 'n paragraaf oor ons besoek aan die museum en gebruik van die sleutelwoorde:**

| | |
|---|---|
| binnelandse meer | 250 miljoen jaar |
| storms | vuurspuwende berge |
| goud vorm lae | meer verdwyn |
| myne primitief | kanarie in koutjie |
| eenvoudige helm | spesiale skoene |
| groot welvaart | Victoriaanse tydperk |
| myne vandag | modern, diep onder aarde skofte |

goud, belangrike rol, landsekonomie, dollar

### Die geskiedenis en rol van goud in ons land

*Andries Kotzee*

Meer as 250 miljoen jaar gelede was daar 'n binnelandse meer in die gebied wat vandag as die Witwatersrand bekend staan. Daar was ook baie storms en vuurspuwende berge wat goud in die meer laat spoel het. Mettertyd het die goud lae gevorm en het die meer verdwyn. Die eerste myne was maar bra primitief. Die mynwerkers het buiten hul gewone klere slegs eenvoudige helms en spesiale swaar skoene gedra. Aangesien koolstofmonoksiedgas 'n groot gevaar was, het hulle kanaries in koutjies saamgevat. As die voëltjies ophou sing, het hulle geweet daar is gevaar. Hierdie tyd van goudontginning het met die heerskappy van koningin Victoria saamgeval. Die modes van daardie tyd soos vertoon in die Roodepoortse museum, is 'n weerspieëling van die groot welvaart wat daar ook in ons land geheers het.

Die myne van vandag is baie modern en diep onder die grond. Die mynwerkers werk ook skofte. Goud speel nog steeds 'n belangrike rol in ons landsekonomie. Goud is Suid-Afrika se belangrikste bron van buitelandse valuta. Ongelukkig is die rand se prys tans slegs 54 Amerikaanse sent. Die goudprys was al oor die $800, maar is op die oomblik net $305.

### Die geskiedenis van goudmynbou

*Lizette van Wyk*

Twee honderd en vyftig miljoen jaar gelede het die binnelandse meer verdwyn as gevolg van die uitbarstings van vuurspuwende berge. Goud het gevorm as gevolg van die rotslae wat deur die eeue heen afgesak het. In die beginjare van die mynindustrie was die myne baie primitief en baie gevaarlik vir die mynwerkers. Kanaries in koutjies was en word nog gebruik om lewensgevaarlike gasse soos metaangas uit te ken, sodat hulle reëlings kon tref dat die gasse nie die werkers kon oorval nie. Die werkers dra vandag nog eenvoudige helms en spesiale skoene vir hulle veiligheid. Omdat die myne groot welvaart getoon het, het hulle al dieper onder die aarde na goud begin soek. Die diepste, moderne myn vandag in die hele wêreld is Western Deep Levels.

Goud speel 'n belangrike rol in Suid-Afrika se landsekonomie. As die dollar sterker as die rand is, is dit moeilik as goedere of produkte ingevoer word, omdat ons dan duurder daarvoor moet betaal.